



Technical & Support Services (Edms) Bpk

Centro Building, Bella Rosa Village, Durban road, Bellville, 7530.

Posbus 5202, Tygervalley, 7536

Tel + 27 (0)21 914 4441 Faks + 27 (0)21 914 4558

E-pos fanie@fpd.co.za

FAKTORE WAT SG BEÏNVOLED

1. KULTIVAR

- 1.1. Sekere kultivars is geneties geneig om 'n hoër SG te produseer as ander. Daar is groot verskille tussen kultivars.

2. VOEDING

2.1. Algemeen

- 2.1.1. Toediening van die regte hoeveelhede op die regte tyd van al die voedingstofelemente sal optimale groei, opbrengs en SG tot gevolg hê.
- 2.1.2. Die belangrikste voedingstof elemente is: Makro elemente = Stikstof, Fosfaat, Kalium, Kalsium, Magnesium en Swael. Mikro elemente = Sink, Boor, Mangaan, Yster, Koper en Molibdeen.
- 2.1.3. Leemgronde = hoër SG as sand of swaar klei weens faktore soos deurlugting, dreinerings, temperatuur, vrugbaarheid, waterhou-vermoë ens.
- 2.1.4. Grond pH van 5-7 is beste vir opname van meeste voedingstowwe. Onder of bo dit raak sommige elemente minder beskikbaar en ander toksies.
- 2.1.5. Koue grond en lug temperature sal opname van voedingstowwe verlaag.
- 2.1.6. Onkruid in die land kan deur kompetisie voedingstekorte induseer en SG so verlaag.

2.2. Stikstof (N)

- 2.2.1. Vir optimale groei en SG is 200-300 kg N per ha nodig.
- 2.2.2. Te veel N in totaal en laat in die groeiseisoen sal:
 - 2.2.2.1. SG verlaag
 - 2.2.2.2. Dunner skil tot gevolg hê = meer meganiese beskadiging
 - 2.2.2.3. Groter kans vir holhart
 - 2.2.2.4. Hoër vlakke van reduserende suikers

2.3. Fosfaat (P)

- 2.3.1. Vir optimale groei en SG is 150 kg P per ha nodig.
- 2.3.2. Onvoldoende P sal SG verlaag
 - 2.3.2.1. Beschikbaarheid van P vir plant opname word beïnvloed deur
 - 2.3.2.1.1. Oplosbaarheid van P – Sommige gronde toets hoog in P maar die P is nie oplosbaar nie.

2.4. Kalium (K)

- 2.4.1. Vir optimale groei en SG is 300-450 kg K per ha nodig.
- 2.4.2. Die N:K verhouding moet 1:1.5 wees.
- 2.4.3. K in die vorm van KCl sal SG verlaag.
- 2.4.4. Te veel K sal tot verlaagde SG lei.

3. ANDER

- 3.1. Te veel water laat in die groeiseisoen sal SG verlaag.
- 3.2. Vlakke van meer as 150 dpm Chloried in die water sal neig om SG te verlaag.
- 3.3. SG neem toe en reduserende suikers af na die einde van die seisoen met die omskakeling van suikers na stysel. Vroeër afsterwing van plante a.g.v. peste en plae, swak voeding, te digte stand ens. sal dus SG verlaag en reduserende suikers verhoog.
- 3.4. Te lae en te hoë grond en lug temperature sal optimale groei benadeel en die produksie en vervoer van die produkte van fotosintese na die knolle belemmer en tot laer SG lei.
 - 3.4.1. Optimale grond temperature is 20 °C bedags en 15 °C snags.
 - 3.4.2. Optimale lug temperature is 24-28 °C bedags en 10-12 °C snags.
- 3.5. Swak stand kan lei tot laer SG, moontlik weens groter knolle en dus groter selle in die plant.

Let daarop dat die inligting in hierdie dokument in goeder trou gegee word as bestuurs hulpmiddel. Finale verantwoordelikheid rus egter by die produsent en daarom kan die FPD Groep geen aanspreeklikheid aanvaar vir verliese wat mag voorkom deur die gebruik van hierdie inligting nie.